

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 108**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# **JESUS, die WAARHEID die WEG, en die LEWE**

Kenmerkend van die mens is dat hy 'n soeker is — 'n soeker na geluk en vreugde 'n Ryk verskeidenheid van sake ontplooi voor die oë om na te jaag en dit daarin te soek. Die een soek dit hierin en die ander weer daarin, net om elke keer te moet ondervind dat dit tog maar weer 'n doodloopstraat is, dat blywende geluk en vreugde nie daarin lê nie.

Waar moet dit dan gesoek word? Waar vind ek die ware geluk? Langs watter weg?

*Antwoord: GLO IN DIE HERE JESUS.*

HY sê: "EK is die weg en die waarheid en die LEWE; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." (Joh. 14:6). Om by die Vader te wees, is om waarlik gelukkig te wees, dit is om die steeds ontwykende vreugde te verkry. Dit bestaan eintlik uit twee dele.

Eerstens: Om te *kom*, na die Vader wanneer jy glo in Jesus.

Dit raak jou lewe *hier* op aarde.

Tweedens: Om te *gaan* na die Vader wanneer jy glo in Jesus.

Dit raak die bestemming van jou *hierna*.

## **STAAN JY SKEPTIES?**

Miskien staan jy skepties teenoor die feit of die ware geluk by Jesus te vinde is. Jy kyk om jou heen en sien gelowiges wat ook siek is, bedroef is, die geluk moet ontbeer; en jy sê: "Waar is die geluk vir hulle wat glo?"

Nee. my vriend, moenie te gou jou gevolgtrekking maak nie. Moenie op die uiterlike oordeel nie. Onthou dat dieselfde Jesus ook gesê het dat die gelowiges in hierdie lewe verdrukking sal hê. Maar vir hulle wat God liefhet, werk alles ten goede mee. Daarom is in die harte groot vreugde en 'n dieper geluk.

## **KOM . . . GAAN . . .**

Om te glo in Jesus wat van sonde verlos, beteken om te *kom* na die Vader, en dit beteken die hoogste geluk ongeag smarte en teëspoed. Om te glo in Jesus beteken om te *gaan* na die Vader en dit beteken om te lewe, waarlik te lewe. Dit is om versoen te wees met die Vader in die bloed van Jesus. Groter geluk en dieper vreugde is daar nie! Waarom *soek* jy nog daarna?

Hoor dan as Jesus spreek — as HY vir jou en vir my die weg aanwys: „EK IS DIE WEG EN DIE WAARHEID EN DIE LEWE; Niemand kom na die Vader behalwe deur MY nie".

**Ds. A. v.d. Walt**

# **JESUS, *die seun van God***

Die Here Jesus het een keer vir sy dissipels gevra: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? (Mattheus 16:13).

Hierdie vraag is nog net so aktueel vandag: Wat dink u van die Christus?

## ***NIE 'N GEWONE MENS NIE***

As Jesus ná lang afwesigheid een sabbat in die sinagoge in Nasaret preek, is die mense verslae oor sy leer. As hulle egter begin nadink:

- dat sy familie oorbekend in Nasaret is,
- dat Hy saam met hulle groot geword het, neem hulle aan Hom aanstoot.

Die Nasareners redeneer: As Jesus werklik die Messias was, moes Hy uit die hemel kom, *moes* Hy nie *saam met*, maar *ver bokant* hulle geleef het.

Die groot dwaling van die mense van Nasaret was dat hulle nie wou glo dat Jesus die Seun van God is nie. As hulle Hom as die Christus wou aanvaar, sou sy menslike natuur juis vir hulle tot diepe vertroosting gedien het . . . maar nou gaan hulle Jesus as die Christus, as die Seun van God, verby.

U wat hierdie artikel lees . . . beskou u Jesus ook maar as 'n hoogstaande sedelike mens? Verwerp u dit dat Hy die Seun van God is?

Dan gaan u in u sonde verlore, want as Jesus net 'n doodgewone mens was, kon Hy nooit die toorn van God teen die sonde dra om u te verlos nie.

## ***NIE 'N REWOLUSIONÊRE MENS NIE***

Die Kommunisme het in die afgelope tyd ook godsdienstig geword.

Hulle is bereid om die Here Jesus nou te aanvaar — maar dan 'n Jesus wat inpas in hulle ideologiese denke.

Jesus was vir hulle 'n *blote mens* wat in opstand teen die maatskaplike toestand van sy tyd gekom het. Die gevolg was dat die Romeine Jesus gekruisig het.

Die Kommunis sien Jesus nie as Lam van God wat aan die kruishout vir ons sondes gesterf het nie, maar as 'n rewolusionêr wat deur die Romeine gekruisig is vanweë sy aardse aspirasies.

En nou sê die Kommunis: Julle Christene moet Jesus se voorbeeld volg deur in opstand te kom teen die bestaande maatskaplike orde . . . julle moet rewolusie pleeg.

So word ons Verlosser, Jesus Christus, deur die mens vervals en verlaag.

As dit u beskouing is, wees dan gewaarsku: Met so 'n beskouing verkry u geen vrede met God nie, geen versoening van u sondes nie, maar betree u die weg na die hel.

## ***MAAR WIE IS JESUS DAN?***

Jesus was 'n waaragtige mens: Hy het 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem (Galate 4:4, Lukas 1:31).

Jesus was 'n regverdige mens: Omdat die Heilige Gees Hom verwek het (Mattheus 1:20), was Hy 'n regverdige mens, sonder sonde.

Jesus was waaragtig God: Petrus het dit so pragtig bely: U is die Christus, die Seun van die

lewende God (Mattheus 16:16).

Daarom kan HY ALLEEN ons salig maak en ons van al ons sondes verlos.

Dat Jesus mens was, soos u en ek; dat Hy honger en dors was; dat Hy smart en lyde geken het ... dit moet vir ons nooit 'n aanstoot wees soos vir die mense van Nasaret nie. Dit maak Jesus in alle opsigte aan ons gelyk, uitgesonderd die sonde.

Dat Jesus God was, dit moet ons nooit verskrik nie, want sy Goddelike natuur het Hom in staat gestel om die toorn van God teen ons sonde te kan dra en vrede met God in ons hart te bewerk.

### **WAT MOET EK DAN BELY?**

Bely dat Jesus Christus Homself in ons naam voor Sy Vader gestel het om Sy toorn te versoen deur Homself op te offer aan die kruishout en Sy dierbare bloed te vergiet tot reiniging van ons sondes. (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 21).

Bely saam met Paulus dat ons van niks anders wil weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde. (1 Kor. 2:2).

Dan — en dan alleen — vind u 'n vrede met God wat alle verstand te bowe gaan.

**C. J. Malan**

### **Dat Jesus Christus waaragtige en ewige God is**

*Ons glo dat Jesus Christus na sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is, van ewigheid af gebore; nie gemaak nie en nie geskape nie — want dan sou Hy 'n skepsel wees — maar eenswesens met die Vader, ewig saam met Hom, die afdrukkel van die wese van die Vader en die afskynsel van sy heerlijkheid, aan Hom in alles gelyk.*

Hy is die Seun van God, nie alleen van *dié tyd af dat Hy ons natuur aangeneem het nie*, maar van alle ewigheid af, soos hierdie getuienisse ons leer as hulle met mekaar vergelyk word; Moses sê dat God die wêreld geskape het, en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan *het deur die Woord wat hy God noem*: Die apostel *sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het; en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskape het. So moet Hy dan wat genoem word God, die Woord, die Seun en Jesus Christus, alreeds bestaan het toe alle dinge deur Hom geskape is*. En *daarom sê die profeet Miga: Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid*. En die apostel: Hy is sonder *begin van dae of lewenseinde*. So is Hy dan die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.

(Artikel 10 Nederlandse Geloofsbelydenis.)

# Jesus, die brood van die lewe

Die Brood van die lewe — so stel Jesus Christus Homself aan ons voor.

Brood — dit is natuurlik 'n lewensbelangrike voedsel wat die lewe in stand hou. Elke mens weet maar alte goed dat hy sonder brood nie kan klaarkom nie. Vir die honger massas van die wêreld het die vraag na brood 'n lewensvraag geword. Aan die vraag of hulle aan hulle mense brood en botter kan gee, daaraan word vandag die regerings van die volkere gemeet. As 'n regering in daardie behoefte nie kan voorsien nie, dan het hy in sy allerbelangrikste funksie gefaal.

En nou is dit juis die groot tragedie van ons tyd dat daar nie vir almal genoeg brood is nie. Die honger massas in Indië en ander dele van die wêreld soek angstig na brood, maar daar is nie. Ook u en ek moet hard werk vir ons daaglikse brood. Baie mense sterf vandag van honger omdat daar nie genoeg brood vir almal is nie.

## *Jesus gee die ware brood*

Maar nou kom Jesus Christus as Verlosser van die wêreld en sê: Ek is die ware Brood van die lewe. So wil Hy ons leer om na iets anders te soek, as net na die aardse brood, naamlik na die hemelse brood. Wie nie genoeg brood het nie, sterf van honger. Maar wie Jesus gevind het as die ware Brood wat lewe gee en die lewe in standhou, hy sal nooit weer honger kry nie. So sê Jesus self in Sy Woord in Joh. 6 : 35.

Ja, die mens sal nie van brood alleen leef nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. (Mat. 4:4); dus nie net van die aardse brood nie, maar van die hemelse brood.

Want die aardse lewe en aardse brood gaan verby soos 'n blom van die veld, maar Jesus lei Sy volgelinge deur die dood heen na 'n ander nuwe wêreld, waar Hy alleen vir ewig ons Brood sal wees.

## *Hoe Jesus ons voed*

Vir ons wat honger is, stel Jesus Homself voor as die Brood van die lewe. Daarvoor het Hy na die aarde gekom om ons te voed met Sy vlees wat Hy vir ons verbreek het aan Golgota se kruis. Daarvoor het Hy hom met ons in ons honger en sondeverlorenheid een gemaak, het Hy ons sonde op hom geneem, het Hy vir ons gesterf.

DAAROM is Hy die Brood wat waarlik voed en versadig. Hy vul ons hart met die vrede van God, met die vreugde van die saligheid, met die seën van skuldvergewing.

So word ons honger versadig.

So ontkom ons aan die mag van die dood.

So sal ons met hom lewe tot in ewigheid.

Ons hoef nie meer vir die tergende honger en dood te vlug nie — by Jesus is brood in oorvloed; Hy skenk dit uit genade.

## *Jesus is self die brood*

Laat ons dit egter onthou: Jesus, gee nie alleen hierdie brood nie, maar is SELF die BROOD. Homself moet ons besit, om van die lewensvoedende Brood te wil eet. Ons kan nie maar tevrede wees met iets nie, nie net met die gawes wat Jesus ons gee nie, selfs nie net met die Bybel nie. Ons moet Jesus Christus Self besit —

"Ek IS die Brood van die lewe", sê Jesus in Sy Woord.

As ons dit besef, sal ons ons nie meer angstig gaan kwel oor broodvrae nie.

Nee, dan weet ons: Daar is vir ons hele bestaan brood, brood wat lewe en versadiging gee.

Al wat Jesus van ons vra, is net om te glo in Hom as die Brood wat waarlik voed. In Hom moet ons glo, met Hom moet ons vrede maak, voor Hom ons sondes bely, as ons deel wil hê aan hierdie Brood. Teenoor Hom sal ons ja of nee moet sê; in Hom glo, of ons aan Hom ontrek.

Hoe ironies is dit dan nie vandag nie! Baie soek aardse brood, maar kan dit nie kry nie. Daar is volop hemelse brood, maar baie wil dit nie hê nie! Jesus Christus bied Homself aan as die ware Brood wat voed en salig maak, maar so baie *wil* nie in Hom glo nie.

Kwel u u miskien nog oor die vraag: Hoe kry ek deel aan Christus, aan hierdie Brood?

Glo net kinderlik en opreg in Hom.

Bid Hom om u te voed met die ware Brood.

Want om in Hom te glo, is om te eet sonder om honger te word, is om ewig te lewe.

**Ds. P. J. S. de Klerk**

Deurgrond my, o God,  
en ken my hart;  
toets my en ken my gedagtes;  
en kyk of daar by my  
'n weg is van smart,  
en lei my op die ewige weg.

— **Psalm 139 : 23, 24.**

En Hy het vir my gesê:  
My genade is vir jou genoeg,  
want my krag  
word in swakheid volbring.  
Baie liever sal ek dus  
in my swakhede roem  
sodat die krag van Christus  
in my kan woon.

— **2 Korinthiërs 12 : 9.**

Wie na julle luister,  
luister na My;  
en wie julle verwerp, verwerp  
My;  
en wie My verwerp, verwerp  
Hom  
wat My gestuur het.

— **Lukas 10 : 16.**

## *. . . Die komende Jesus . . .*

Die Jesus wat èenmaal na hierdie wêreld gekom het, sal wêér hierheen kom! Ten minste, so sê die Bybel.

Nou vra ek jou: As Hy kom, sal jy Hom met blydschap sien kom?

Of jy Hom met vreugde kan ontvang, hang af van die vraag of jy Hom liefgehad het soos Hy die eerste keer gekom het.

Miskien sou jy dit ook graag soos die volk wou hê dat Hy as die Redder van sy kinders hierdie wêreld die eerste keer moes binnegekom het met verblindende glorie en indrukwekkende krag.

Miskien sê jy: "Ek sou voor Hom neergeval het as Hy sy voete op die grond gesit het uit 'n amptelike lang, swart Rolls Royce of uit 'n Boeing 747-straler. Ek sou voor Hom buig as Hy gekom het, omring van miljoene engele, as trompette geblaas is en vaandels gewapper het ter ere van sy Goddelike majesteit, as Hy ons oorweldig het met sy skitterende persoonlikheid."

"Wat my dwars in die krop steek, is dat ek moet glo in 'n mens wat die wêreld ingekom het deur 'n weggesteekte agterdeurtjie, in 'n uithoek van die wêreld, in 'n stal, met 'n voerkrip as sy wieg, en dat sy eerste aanbidders 'n spul skaapwagters was!"

"Dis tog dwaas om te buig voor 'n mens aan wie daar niks koninkliks te vind was nie. Dit tog sieklik om te glo in 'n vervloekte wat sy einde aan 'n houtkruis gevind het. Hoe kan iemand van my verwag om in daardie Joodse Jesus die Seun van God te sien, die Saligmaker van die sondare?"

### *Die Seun van God in Sy vernedering*

Maar èk sê: "Goddank dat Jesus, die Seun van God, nie gekom het in koninklike klere met 'n skitterend magsvertoon, toegejuig deur duisende bewonderaars nie! Goddank dat Hy die strate nie laat afkamp het en ons van ver uit sy ampsmotor toegewuif het nie. Want dan sou eenvoudiges en kinders, tollenaars en hoere, ja, dan sou sondaars soos ek en jy, nie naby Hom kon kom nie."

Dat Hy gekom het in die agterbuurtes en die distrik sesse van ons wêreld, dat Hy slette opgesoek het waar hul verdrink het in hul ellende, dat Hy tollenaars onder sy dissipels gehad het, dat Hy alleen was en verlate, uitgestoot en vervloek en 'n roemlose dood gesterf het aan 'n kruis vir my en jou sonde, laat my verstaan hoe God Homself moes verneder om ons te kon red.

Dié Jesus — eenmaal so diep verneder vir jou en my skuld — kom weer! Ja, met groot haas is Hy reeds aan 't kom.

As Hy dan eindelijk dáár is, kan jy en ek Hom vrymoedig ontvang?

Of sal ons as Hy verskyn, ons wil wegskaam in die grond? Sal ons, wat altyd beterweterig en met so 'n skeptiese laggie geredeneer het oor die eenvoudige Man van Nasaret, by die wederkoms versteld staan van die skrik?

### *Die Seun van God in al Sy heerlijkheid*

Die komende Jesus sal met sy verskyning op die wolke nie meer die nederige Jesus wees nie. Ons sal Hom sien soos Hy is: Die Seun van God in al sy heerlijkheid! God sal niks meer van sy Goddelike glorie en krag verberg nie. Hy sal Hom ten vólle in ere herstel!

Die skel geluid van die basuin wat sy koms aankondig, sal selfs tot in die grafte deurdring. En

die doderyk sal al sy dooies gee — totdat hulle almal weer lewend voor Jesus staan. Nie één wat daar nie sal verskyn nie!

En dan sal die komende Jesus sy intog hou — soos die Romeinse keisers dit in die ou tyd gedoen het, as hulle in hul provinsies inspeksie gaan hou — vol majesteit in prag en in praal.

Wat 'n dag om te belewe as Jesus verskyn in die heerlijkheid van sy Vader, as die sterre van die hemel afval, as die maan verduister word, as die kragte van die hemel geskud word!

Wat 'n gesig om te aanskou as die Regter Jesus voor ons staan — omring deur legioene van engele!

Wat 'n ontmoeting tussen Jesus en sy vriende — hulle wat sy eerste verskyning liefgehad het!

Wat 'n ontsetting by dié wat hulle skouers oor Hom opgehaal het!

Dink aan hul wanhoopskrete: "Berge val op ons! Heuwels bedek ons! Ons wil weg uit die gesig van Hom wat op die regterstoel sit."

As die komende Jesus uiteindelik dáár is, wat van jou en my?

Sal ons vrymoedig na Hom wil gaan? Of sal ons stom en beskaamd van Hom wil weggaan?

## **N. Droomer**

— • — • —

"As julle My iets in My Naam vra, sal Ek dit doen.

"As julle My liefhet, sal julle My opdragte uitvoer. En Ek sal die Vader vra, en Hy sal julle 'n ander Pleitbesorger gee om vir ewig by julle te bly, naamlik die Gees van die waarheid.

"Wie My opdragte het en dit uitvoer, dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

"As iemand My liefhet, sal hy My Woord bewaar; en My Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom ons woonplek maak. Wie My nie liefhet nie, bewaar nie My woorde nie".

**(Joh. 14 — nuwe vertaling).**

— • — • —

En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die Woord van God — terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak.

— **Efes. 6:17-19.**



# *Is u op vlug vir die Here?*

Is u op vlug vir die Here? Dan wil ons u die troos bring: U is nie die enigste een nie.

Sedert die sonde in die wêreld gekom het, kruip die mens weg vir God soos Adam en Eva . . . of vlug die mens voor God weg soos Dawid in Ps. 139 vir ons dit beskrywe.

## *Vlug na die hemel*

Dawid se eerste gedagte is om . . . *na die hemel* te vlug. Tot sy ontsteltenis vind hy egter uit dat God daar is, want dis die woonplek van die Here. (vs. 8).

My vriend, jy hoef nie verbaas te wees dat Dawid na die hemel toe wil vlug nie. Baie mense doen vandag nog dieselfde: Hulle vlug van God deur godsdienstig te wees. Hulle laat darem nog hulle kinders doop, wil in die kerk trou en uit die kerk begrawe word; kom darem nog af-en-toe kerk toe . . .

As u wat hierdie artikel lees een van daardie skynChristene is, wees gewaarsku: U Christelike vernis oor 'n onbekeerde lewe is niks anders as 'n vlug van God na die hemel toe nie.

Deur op so 'n manier godsdienstig te wees, is jou kloppende gewete besig om vir God te vlug!

## *Vlug na die doderyk*

Dawid se tweede uitvlug is na die doderyk. (vs. 8).

M.a.w. Dawid dink aan die moontlikheid om sy hand aan sy lewe te slaan.

Sou God in die doderyk wees?

Baie sê: Met die dood is alles uit — geen lewe na die dood nie — jy sterf soos die dier vrek.

Daarom so baie selfmoorde, daarom toenemende verassings van die lyke . . .

Maar nee, my vriend, die mens wat reken dat hy van God ontslae sal wees ná sy dood, maak die verskriklikste fout van sy lewe. "Nakend lê die doderyk voor Hom . . ." (Job 26 : 26). Al sterf die liggaam van die mens, sy siel sterf nie — dit ontmoet God in die doderyk.

## *Horisontale vlug*

As Dawid uitvind dat 'n mens God nie in 'n vertikale rigting kan ontvlug nie, oorweeg hy 'n horisontale rigting. Hy oorweeg die Ooste (vleuels van die dageraad) of die Weste (see), maar vind tot sy ontugtering uit dat snelheid en afstand 'n mens nooit van God kan skei nie.

Is jy, my vriend, ook besig om vir God op horisontale wyse te ontvlug deur vir jou wys te maak dat God nie bestaan nie? Skroei jy jou gewete toe, maak jy jou ook wys dat godsdiens opium vir die volk is? Onthou: Dis net die dwaas wat in sy hart sê dat daar geen God is nie (Ps. 14:1).

## *Vlug in die duisternis*

Dawid probeer nog een uitvlugkans: Hy begeer dat dit nag word, dat die duister hom mag oorval — dalk sal God hom in die duister nie kan sien nie . . . Ook dit is egter tevergeefs.

Slaan ag op hierdie woorde, sondaarmens — jy wat in die sondedieptes met 'n toegeskroeiende gewete God wil ontvlug.

"Daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het." (Hebreërs 4 :13).

*En nou . . . ?*

As Dawid begeer om in die duisternis weg te skuil, bring die gedagte van die donkerheid hom by die donkerheid van die moederskoot — en dit nou juis hierdie gedagte wat Dawid tot die geweldige ontdekking bring dat 'n mens nooit vir God kan vlug nie want *God het die mens dan gemaak!*

God was nie net by hom in die embrionale stadium nie — nee, voordat hy nog selfs in die moederskoot gevorm is, het hy reeds in die gedagtes van God bestaan.

As Dawid dit beseef, wil hy nie langer vlug nie . . .

Hy wil nou uitjubel tot eer van God.

Hy wil nou die sonde haat.

Hy wil nou bid dat God sy hart moet deursoek en van 'n verderflike weg moet bewaar.

***Gaan jy voort met jou vlug?***

My vriend, as jy voortgaan om van God weg te vlug, dink tog na oor jou geboorte.

Was dit nie 'n wonder van God nie?

Oneindig wonderliker nog is die wedergeboorte wat die Heilige Gees in ons harte bewerk as Hy ons in aanraking bring met die Seun van God, Jesus Christus.

Jesus Christus het aan die kruishout van Golgota vir almal gesterf wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem.

- As ek Jesus Christus bely as Seun van God wat vir my gesterf het —
- as ek glo dat Hy die toorn van God teen ons sondes gedra het —
- as ek met ware berou en met ware bekering Hom om vergifnis smee —

dan hoef ek nie meer vertikaal of horisontaal weg te vlug nie, maar ek kan God my toevlug maak.

My vriend, is God jou toevlug?

**C. J. Malan**

# AS CHRISTUS KOM...!

Ten laaste glo ons, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Here bepaal, gekom het — wat aan alle skepsels onbekend is — en die getal van die uitverkorenes vol sal wees, ons Here Jesus Christus uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het, met grote heerlijkheid en majesteit, om Hom aan te kondig as Regter oor lewende en dode; en dat Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. En dan sal persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn alle mense, manne sowel as vroue en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe bestaan het, gedagvaar deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God. Want almal wat gesterf het, sal uit die aarde opstaan, die siele saamgevoeg en verenig met hulle eie liggaam waarin hulle geleef het. En met betrekking tot diegene wat dan nog sal lewe, hulle sal nie sterwe soos die ander nie, maar hulle sal in 'n oomblik verander en uit verganklikheid onverganklik word.

## *Die boeke geopen*

Dan sal die boeke, dit wil sê, die gewetens, geopen en die dode geoordeel word volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, goed of kwaad. Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ydele woord wat hulle gepraat het — iets wat die wêreld vir niks anders as kinderspel en tydverdryf beskou nie; en dan sal die verborgenhede en geveinsdhede van die mense in die openbaar voor almal ontdek word. En daarom is die gedagte aan hierdie oordeel met reg ontsettend en skrikwekkend vir die oortreders en goddelose, en baie begeerlik en troosvol vir die vromes en uitverkorenes; aangesien hulle volle verlossing dan voltooi sal word en hulle daar sal ontvang die vrug van al hulle sware arbeid en moeite. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal oefen teen die goddelose wat hulle getiranniseer, verdruk en gekwel het in hierdie wêreld; terwyl die goddelose oorweldig sal word deur die getuienis van hul eie gewete. Hulle sal onsterflik word, maar só dat hulle gepynig sal word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is.

## *Met heerlijkheid gekroon*

Daarenteë sal die gelowiges en uitverkorenes met heerlijkheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam bely voor God sy Vader en sy uitverkore engele; alle trane sal van hulle oë afgevee word; hulle saak, wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, sal erken word as die saak van die Seun van God, en as 'n genadige vergelding sal die Here hulle in besit stel van so 'n heerlijkheid as wat die hart van 'n mens nooit sou kan bedink nie. Daarom verwag ons die grote dag met 'n groot verlange om ten volle te geniet die beloftes van God in Jesus Christus, onse Here.

— (Ned. Geloofsbelydenis Art. 37.)

# Die Geboorte van Jesus, Die Seun van God

- 26 En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret,
- 27 na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria.
- 28 En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue.
- 29 En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daarvoor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken.
- 30 En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.
- 31 En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.
- 32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
- 33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.
- 34 Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?
- 35 En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.
- 36 En kyk, Elisabet, jou bloedverwant, het self ook 'n seun ontvang in haar ouderdom, en hierdie maand is die sesde vir haar wat onvrugbaar genoem is.
- 37 Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie.
- 38 En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan.

**(Lukas 1)**